

WIE'S HY? (Adam Small)

1	Die poet,	The poet.
2	wie's hy?	who's he?
3	Djulle het so baie bek oor die poet,	You talk such a lot about the poet
4	ma wie's hy?	but who's he?
5	Is hy rêrag soos djulle dink	Is he really like you think?
6	die ou moerie pen en ink	the guy with the pen and ink
7	wat in sy study sit en poëms dink?	who sits in his study and think out poems?
8	Nai,	No,
9	djulle's mistaken,	you make a mistake,
10	nie hy nie	not him
11	ma djulle is die poëts,	but yóu are the poets.
12	djulle wat in die straat loop	you who are walking the streets
13	en die gladde bek verkoop	and say all those funny things
14	ma die dinge sien	but see the things
15	en soema net daa God tien hulle roep!	and on the spot call on God against them!

VRAE

1. Waarna verwys die titel?
2. Skryf die regte Afrikaanse woord neer vir "poet".
3. Wat noem ons 'n vraag wat nie 'n antwoord het nie?
4. Voltooi: "Djulle het so baie bek..." is 'n voorbeeld van...
 - A personifikasie
 - B paradoks
 - C vergelyking
 - D metafoor
5. Waarom is daar 'n klemstrepie op die "e" van wie (reël 4)?
6. Waarom word die woorde "wie's hy" herhaal?
7. Waar sit die man met die pen en die ink?
8. Wat doen die man met die pen en die ink?
9. Wie, dink die mense, is die man met die pen en die ink?
10. Die spreker stem nie saam met wat die mense dink nie. Skryf die reël neer wat so sê.
11. Wie is eintlik die "poets" volgens die spreker?
12. Hoe "verkoop" 'n mens 'n "gladde bek"?
13. Waarna verwys "die dinge" (reël 14)?
14. Hoe weet die leser dat hierdie "dinge" verkeerd is?
15. Wie praat in hierdie gedig?
16. Wie is die "djulle" in reël 3 van die gedig?
17. Wie is die "djulle" in reël 11 en 12 van die gedig?
18. Waaroor gaan hierdie gedig eintlik?
19. Wat is die boodskap van hierdie gedig? Noem TWEE moontlikhede.

MEMORANDUM : Wie's hy?

1. Na die "poet" /digter.
2. Digter.
3. Retoriese vraag.
4. D (metafoor)
5. Dit beklemtoon die vraag "wie" – watter soort persoon is die digter.
6. Om die gedagte te beklemtoon en die leser goed te laat dink.
7. In sy studeerkamer
8. Hy sit en gedigte uitdink en skryf dit dan neer.
9. Die mense dink hy is die digter.
10. Reël 9: djulle's mistaken
11. Die eenvoudige mense wat in die strate loop.
12. Jy maak kliphard opmerkings sodat almal dit kan hoor.
13. Alles wat die mense sien wat op straat gebeur.
14. Want hulle roep God teen hierdie dinge.
15. Die digter self.
16. Die resensente.
17. Die eenvoudige mense (Die motto van die bundel *Sê Sjibbolet* waaruit hierdie gedig kom, is: Vir die eenvoudiges (wat dink en ook mag praat).
18. Oor die digterskap.
19. Die digter skryf vir die gewone mense. / Die digter kry sy idees van die sêgoed van gewone mense en gebruik dit dan in sy gedigte.

WOORDE (Vincent Oliphant)

1	my woorde het nie die krag	my words do not have the power
2	om bose magte tot 'n val te bring nie	to bring evil forces/authority to a downfall
3	my woorde kan bloot sing	my words can only sing
4	my woorde is nie 'n dak	my words are not a roof
5	om onder te skuil nie	to take shelter under
6	my woorde is swak	my words are too weak
7	my woorde kan nie keer	my words cannot prevent
8	dat ons die kromme note haal nie	that we receive a thrashing/land in trouble
9	my woorde is kaal	my words are naked
10	glo tog	please believe
11	my woorde het nie die byt	my words have not the bite/have no impact
12	van koeëls en grofgeskut nie	of bullets and big guns/heavy gunfire
13	nee	no
14	my woorde kan bloot bid	my words can only pray
15	en pleit	and plea
16	en wens	and wish
17	medeburgers van die lewe	fellow citizens of life
18	dat ons van grense sal vergeet	that we will forget about borders
19	en bloot mens sal wees	and be only human
20	en medemens	and fellow men

VRAE

- 1 Voltooi die stelling met die KORREKTE antwoord:
Die spreker in hierdie gedig is 'n ...
 - A ek-spreker
 - B derdepersoons-spreker
 - C 'n digter
 - D alomteenwoordige spreker
- 2 Wat bedoel die spreker moontlik met “bose magte” in die tweede reël?
- 3 Watter EEN woord in die eerste strofe bewys dat die spreker se woorde daar is om te vermaak of iets moois te sê?
- 4 In die versreël “my woorde kan bloot sing” vind ons 'n voorbeeld van (alliterasie/assonansie/binnerym).
- 5 Die eerste drie strofes bestaan elk uit drie reëls. Wat noem ons 'n strofe wat uit drie reëls bestaan?
- 6 'n Mens kan onder sy woorde wat soos 'n dak is, wegkruip.

6.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR?

6.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.1 hierbo.

7 Wat beteken die ou uitdrukking: “die kromme note haal” in reël 8?

8 Waarom kan ons sê dat die eerste drie strofes bymekaar hoort?

9 Trek twee kolomme. Skryf bo-aan een kolom **Negatief** en bo die ander een **Positief**.

9.1 In al vier die die strofes kry ons ‘n negatiewe siening van die spreker se woorde; hy noem die dinge wat sy woorde nié kan doen nie. Lys hierdie vier dinge in kolomvorm.

9.2 In die laaste strofe noem die spreker drie dinge wat sy woorde wél kan doen. Wat is hierdie drie dinge?

10 Watter EEN woord sê dat sy woorde nie so seer soos kanonne kan maak nie.

11 Hoe word die woord “nee” beklemtoon?

12 Hy sê sy woorde kan pleit. Haal een versreël aan waar hy by ons, die lesers pleit.

13 Wat het die woorde bid, pleit en wens in gemeen?

14 Waarvoor “bid”, “pleit” en “wens” die spreker in sy woorde?

15 “my woorde” word elke keer herhaal. Wat is die funksie van die herhaling?

16 Op watter manier word die woord “medemens” beklemtoon?

17 Waardeur moet sy wense, pleidooie en gebede in werking gestel word?

18 Kies die term uit **KOLOM B** om by die voorbeeld in **KOLOM A** te pas. Skryf slegs die vraagnommer (18.1 – 18.4) en die letter (A – E) neer.

KOLOM A	KOLOM B
18.1 My woorde kan bloot sing.	A vergelyking
18.2 My woorde is nie ‘n dak nie.	B polisindeton
18.3 My woorde kan bloot bid en pleit en wens.	C metafoor
	D hiperbool
18.4 My woorde het nie die byt van koeëls en grofgeskut nie.	E personifikasie

Memorandum : Woorde

1. C ('n digter)
2. Die destydse regering of enige ander vyand van die mense.
3. "sing"
4. Assonansie (oo-klank)
5. Tersine
- 6.1 Onwaar
- 6.2 My woorde is nie 'n dak om onder te skuil...
7. om in die moeilikheid te beland/om getrap te word.
8. In al drie die tersines vertel die spreker wat sy woorde NIE kan doen nie.
- 9.

9.1 Negatief	9.2 Positief
Om bese magte tot 'n val te bring	bid
'n dak wees om onder te skuil	pleit
Kan nie uit die moeilikheid help nie	wens
Kan nie koeëls of grofgeskut wees nie	

10. byt
11. Dit staan alleen in die reël (alleenplasing)
12. "dat ons van grense sal vergeet"
13. Al die woorde kyk vooruit na iets wat nog moet gebeur.
14. dat ons bloot mens en medemens sal wees.
15. Om dit te beklemtoon (dis maar net woorde; niks anders nie).
16. Dit is die laaste woord in die gedig.
17. Deur ander mense.
18. 18.1 E (personifikasie)
- 18.2 C (metafoor)
- 18.3 B (polisindeton) = Herhaling van die **en**.
- 18.4 A (vergelyking)

Standaard poësievrae

- Watter EEN woord bewys
- Wat moet ..doen
- Watter sportsoor gassosieer/gesuggereer?
- Watter fisiese probleem
- Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR?
- Motiveer jou antwoord op VRAAG hierbo.
- Waarom

- Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer () en die letter (A – D) neer.
- Die rympatroon in elke strofe is..
 - A kruisrym
 - B slagrym
 - C paarrym
 - D omarmende rym

Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer () en die letter (A – D) neer.

In hierdie gedig wys die seun

- A
- B
- C
- D

Kies die term uit KOLOM B om by die voorbeeld in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer () en die letter (A – C) neer.

KOLOM A	KOLOM B
	A vergelyking B retoriese vraag C metafoor

Voltooi:

Aan die einde van elke strofe word dieselfde twee reëls herhaal. Watter gevoel...

Stem jy saam dat

Hoe sien die homself?

Wat is dit wat ...

Watter baie belangrike inligting gee die title van hierdie gedig vir ons?

Watter EEN WOORD sê vir ons

Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer () en die letter (A – D) neer.

“...” (versreël 2 en 3)

Hierdie woorde beteken

- A hartseer
- B halfhartig
- C ontspanne
- D aandagtig

Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer () en die letter (A – D) neer.

“ “ (versreël) is ‘n voorbeeld van...

- A klanknabootsing
- B personifikasie
- C ‘n vergelyking
- D ‘n metafoor

Sê wat die funksie van die metafoor in die volgende versreël is:

(Versreël 5)

Noem TWEE dinge

Hoe beskryf die spreker sy/haar ...

Kies die term uit KOLOM B om by die voorbeeld in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer () en die letter (A – D) neer.

KOLOM A	KOLOM B
	A klanknabootsing B alliterasie C vergelyking D personifikasie

Wat sê “ ” oor die houding van die spreker teenoor

Wat sê die metafoor in versreël vir jou van die

Hoe laat die digter jou weet dat die spreker ontsteld is...

Watter EEN word (versreël tot) sê dat

Het jy simpatie

Waar

Waarom

Watter bewys het ons in die gedig

Waaruit kan ons aflei

Watter TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE dui aan dat

Wat impliseer die woord oor die

Kies die korrekte word uit dié wat tussen hakies gegee word om die volgende sin KORREK te voltooi. Skryf slegs die woord neer.

In versreël is “ ” ‘n voorbeeld van metonimia/vergeelyking)

Haal SES OPEENVOLGENDE WOORDE aan wat beskryf

Noem TWEE dinge wat... doen

Drie van die antwoorde hieronder voltooi die stelling KORREK. Watter antwoord is NIE korrek NIE?

Skryf slegs die vraagnommer () en die letter (A – D) neer.

- A
- B
- C
- D

Simbool

Wat beteken die voor die word “ ” in die titel?

Kies 'n sinsdeel uit KOLOM B om by die sinsdeel in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer () en die letter (A – D) neer.

KOLOM A	KOLOM B
	A
	B
	C
	D
	E
	F

Kies die woorde uit dié wat tussen hakies gegee word om die volgende sin KORREK te voltooi. Skryf slegs die antwoord neer.

Die funksie van die twee aandagstrepe in versreël is om (die vergelyking te beklemtoon / die word “hoort” uit te hef).

Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer () en die letter (A – D) neer.

Die funksie van die paarrym in versreël 9 tot 12 is om...

- A
- B
- C
- D

Kyk na die slotreël van die gedig en motiveer wat die spreker se houding teenoor... is.

Noem TWEE redes hoekom...

Watter beeldspraak kry ons in:

